

Sing vooraf staande: Psalm 142:1

-1-

Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my **gebed** verhoor.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:2

-2-

Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy **gebed**, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 25:2

2-

Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Psalm 84:4

4-

Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërske, let
op my geroep, hoor my **gebed**, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Skriflesing: Jakobus 5

Teks: Jakobus 5:17

**Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën
nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande nie gereën nie ...**

Die gebed van 'n ware gelowige het 'n baie wye reikwydte.

- Daar kan gebed word vir siekte, vir bekering en selfs vir straf oor medegelowiges, mits dit lei tot hulle bekering.
- Hierdie gebede het soveel krag dat dit selfs die natuur kan beheer as die Here dit verhoor.

1. Geloofsvolharding

Jakobus sluit sy brief met 'n vermaning aan die gelowiges om te volhard in hulle geloof totdat die Here kom.

- Sy motivering is dat daar allerhande ellendes oor gelowiges kom.

Jakobus gebruik die beeld van 'n boer.

- Hy moet oor 'n tydperk van maande geduldig wag dat die saad eers vroeë reën kry en dan weer met geduld en hoop wat dat die laat reëns moet kom en op sy oes val dat dit kan groei en ryp word.
- In die tussentyd is daar droogte.
 - Gedurende hierdie wagtyd is die landbouer nie passief nie.
 - Hy leef in sy geloof aan elke dag.
 - Hy wag biddend op die reën en die seën van die Here - hy wag op die reën soos ons wag op die wederkoms.

Net so moet ons ook geduldig volhard in die geloof. Die saak word nie net weer herhaal nie (vers 8), daar kom ook die opdrag by dat ons ons harte moet versterk.

- Die hart het in die Bybel die betekenis dat dit die plek is waar die geloof setel.
- Die geloof moet hom dus ook rig op die oomblik van laaste en finale beslissing: die wederkoms van die Here.

Die Here is Regter as Hy weer kom.

- Dit gaan weer oor die wederkoms – net in ander woorde.
- Die koms van die Regter is so naby dat die Here sê dat Hy al voor die deur staan.

Vers 10 bring ons terug na die saak van volharding toe.

- Jy is nie die enigste een wat in 'n lydingsposisie voor die Here te staan kom nie.
- Daar was baie voor jou wat in swaar lyding verval het, en wat volhard het in hulle geloof (Matteus 5:12).
- Met hierdie gedagte begin Jakobus al sy aanloop na Elia en sy geskiedenis toe.

Die profete van daardie tyd het in die “Naam van die Here gespreek”.

- Hulle was dus manne wat onder alle omstandighede gebly het by dit wat vir die Here reg was.
- Lyding word nie net beperk tot vervolging en marteling nie.
 - Jy kan selfs in ernstige siekte verval, maar dan nog moet jy in jou geloof volhard.
 - In hierdie geloofsvolharding staan die gemeente die siekte by – gaan roep die ouderlinge dat hulle vir hom bid.

2. Die middel wat jy gebruik

In die begin van die gedeelte is daar 'n woord wat direk en ook by implikasie baie voorkom en inderdaad die gedeelte in 'n bepaalde perspektief stel: Die wederkoms.

- Volhard tot die wederkoms.
- Daarna word daar 'n paar voorbeelde gegee van lyding, en elke keer is daar die opdrag om te volhard, maar daar word nie gesê wat jy moet doen om te volhard nie.

Van vers 16 af is daar 'n nuwe woord wat herhaaldelik gebruik word: bid.

- **Bid vir mekaar ...**
- **Die vurige gebed van die regverdige het groot krag ...**
- **Elia het ernstig gebid ... en weer gebid ...**

Dis die middel waarmee ons moet volhard. Dis egter 'n middel wat ons dikwels onderskat en selfs minag.

- Hoeveel keer dink ons (en sê ons) dat dit nie help om te bid nie.
- Wanneer ons nog bid, dan doen ons dit baie keer bloot as 'n ritueel.

- Daar is geleentheid wat 'n gebed so vinnig gedoen is en so vinnig verbygegaan het, dat ons dit vergeet.

Om te bid is 'n baie magtige saak.

- Die gebed is 'n geweldige magtige middel waarmee mens jou geloof kan beoefen en versterk.
- Dis 'n middel waarmee jy dinge kan verskuif wat normaalweg totaal buite 'n mens se vermoëns lê.

Die Bybel noem die voorbeeld van Elia. Let op dat daar 'n bepaalde invalshoek is: Elia, die mens.

- In die Ou Testament lees ons van Elia, die profeet.
- Die indruk ontstaan maklik dat alles wat hy gedoen het, staan in die teken van sy profeetskap.

Hier word egter iets heeltemal anders van hom vertel:

- Elia was 'n mens net soos ons.
- Hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie.
- Dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.

Waarom word dit so met klem gesê dat Elia *mens* was en dat hy gebid het dat dit nie moes reën nie?

- Die Ou Testament vertel nie van hierdie episode nie en ook nie dat dit vir drie jaar en ses maande nie gereën het nie.
- Daar word net geopenbaar dat Elia na ongeveer drie jaar se droogte vir Agab gaan opsoek het en die ontmoeting met die Baäl priesters gereël het.

Ons kan dalk die indruk kry dat Elia dalk leedvermakerig was toe hy hierdie gebed gebid het, maar dit is nie so nie.

- Daar was op daardie tydstip 'n geweldige geestelike nood onder die volk.
- Agab, hulle goddelose koning, het die Here geterg met afgodsdienste wat hy onder die volk ingestel het.

Ons lees in 1 Konings 16:30 – 32 dat hierdie Agab die kalwerdiens van Jerobeam nagevolg het en dat hy 'n heidense vrou uit die Sidoniërs gaan trou het – dit was Isebel.

- Hy het toe ook haar godsdienst, naamlik die Baälgodsdienst, aangeneem en die Baäls aanbid.
- Hy het ook 'n altaar vir Baäl opgerig.
- Agab het dus geproklameer dat die Here nie meer die God van die land was nie maar dat Baäl dit was.
- Die volk het dit maar gelate aanvaar, en willoos agter die koning se geloofsgriple aangedrentel.

Hoe het Elia dit ervaar? Hy het besef dat die Here 'n baie ernstige ding sou moes doen om hierdie volk te laat besef dat die Baälgodsdienst vals is sodat hulle hulle tot die Here sou bekeer.

Wat was die logiese ding om te doen?

- iets moes gedoen word wat juis op die terrein lê waarop die afgod aanspraak maak dat hy dit beheers.

- Daarom het Elia die Here gaan vra dat dit moet ophou om te reën - want Baäl was die god van vrugbaarheid, maar ook van storms en reën.

As dit nie reën nie, sal almal mos kan sien dat die afgod se aanspraak vals is en dan sal hulle hom verlaat, want dan sien hulle mos sy onmag.

- Die Here se eer was dus op die spel teenoor die van die afgod.
- Daarom het Elia gaan bid vir droogte.
- Elia het toe gaan bid en vra dat die Here aan die volk moet openbaar dat Baäl nie reën en vrugbaarheid op die oeste kan gee nie.

Elia se worsteling gaan dus baie duidelik oor die geestelike behoud en bekering van sy volk. Daarom bid hy vir so 'n verskriklike droogte.

- Dis baie beter om hongersnood te hê *met die Here*,
- as rekordoeste *sonder die Here*.

Kyk na die krag wat in hierdie gebeurtenis deur die gebed openbaar word.

- Normaalweg glo en weet ons dat weerpatrone nie deur 'n mens beskik kan word nie - dis iets wat totaal buite die beheer van 'n mens lê.
- Maar toe Elia hierdie ernstige gebed gebid het, en die saak van sy volk se bekering in die gebed met God gaan uitworstel het, het dit opgehou om te reën en te dou op die oomblik toe hy dit gevra het. Soveel mag het 'n gebed.

Na die teregstelling van die Baälprofete bid Elia weer – hy bid sewe maal vir reën.

- Hoe voel jy as jy al ses maal gebid het sonder dat die uitkoms daar was?
- Daar moet nie net die werklike erns wees nie, daar moet ook die volharding wees.

Nadat Elia die sewende keer gebid het, verskyn daar 'n wolkie so groot soos 'n man se hand op die horison. Toe gee die Here reën.

Die gebed is egter nie 'n middel waarmee jy kan rondspeel of die Here se arm draai nie.

- Dit het alleenlik hierdie krag wanneer daar 'n baie intieme omgang tussen jou en die Here is – soos wat daar was tussen Abraham en die Here en tussen Elia en die Here.
- Dan moet jou gebed ook die erns van die eer van God as doel hê.

Die Here Jesus Christus se kruisdood en sy oorwinning oor die dood het ons vrygemaak van hierdie magteloosheid waarin ons so dikwels vasgevang raak.

- Ons moet altyd onthou dat daar met reg 'n sterk aanspraak op ons gemaak kan word dat ons moet volhard in ons geloof en in ons stryd teen moedeloosheid, want ons is oorwinnaars in die Here Jesus Christus.

U moet onthou dat die Here Jesus na sy hemelvaart ons voorbidder is by God die Vader.

- Hy bid nie halfhartig en somer net so in die verbygaan nie.
- Hy bid soos wat Hy gebid het voor die kruisiging toe Hy gesê het dat van die wat die Vader Hom gegee het, nie een verlore gegaan het nie, behalwe die een wat vir die verderf bestem was.

Sy gebed en sy werk was altwee van harte gedoen, en die een was gerig op die ander.

- Hy was ook in altwee totaal gehoorsaam aan God, omdat Hy die eers van God in sy werk volbring het.
- Elkeen van u weet dat u in Jesus Christus se verdienste “hemel toe” gaan.

Waarom sal u dan in u ellendes en in u selfverwyte bly lê? U weet mos daar is 'n koninkryk van volmaaktheid wat vir u wag nadat u op die aarde gesterf het.

Daarom beveel die Here ons by herhaling: volhard geduldig tot met die wederkoms.

- Volhard biddend.
- Nie met gebede wat net sommer gebid word omdat bid bid is nie.
- Volhard met gebede wat opreg en vurig is en wat uit die hart van jou as bidder gebore word.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 42:5

5-

Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;
my **gebed** sal opwaarts strewe /na die bronwel van my lewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 27 April 2014